Plak asseblief die strepieskode-etiket hier	PUNTE-TOTAAL

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2025

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE: VRAESTEL II

EKSAMENNOMMER

Tyd: 3 uur 150 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 37 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
2. Die vraestel is verdeel in Afdeling A (25 punte), Afdeling B (75 punte) en Afdeling C (50 punte).
3. **Beantwoord AL die vrae op die vraestel en lewer dit in aan die einde van die eksamen. Onthou om jou eksamennommer neer te skryf in die spasie wat op die vraestel voorsien word.**
4. Nieprogrammeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
5. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
6. Lees die vrae noukeurig deur. Let op die werkwoorde in die vrae, soos verduidelik, noem, kies, bespreek en identifiseer, en beantwoord dan dienooreenkomstig.
7. Gee jou antwoorde in algemene terme. Gebruik byvoorbeeld "woordverwerker" in plaas van "Microsoft Word" of "WordPerfect". Gebruik handelsname slegs wanneer jy gevra word.
8. Gewoonlik word 'n punt per feit toegeken. 'n Tweepuntvraag sal dus twee feite vereis, ensovoorts. Eenwoordantwoorde sal nie noodwendig vir jou die punt gee nie. Skryf in volsinne.
9. MOENIE KORRIGEERVLOEISTOF GEBRUIK NIE.
10. Een blanko bladsye (bladsy 37) is aan die einde van die vraestel ingesluit. Indien jy te min spasie vir 'n vraag het, gebruik hierdie bladsye. Dui die vraagnommer van jou antwoord duidelik aan, indien jy hierdie bykomende spasie gebruik.

SLEGS VIR AMPTELIKE GEBRUIK:

NASIENER MOET PUNTE HIERONDER INSKRYF									
V1	**V2**	**V3**	**V4**	**V5**	**V6**	**V7**	**V8**	**V9**	**TOTAAL**
15	**10**	**20**	**17**	**11**	**15**	**12**	**22**	**28**	**/150**
NASIENER/MODERATOR MOET HIERONDER PARAFEER									

N12COAT-2-A

IEB Copyright © 2025

VIR NASIENER SE GEBRUIK

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies die **TOEPASLIKSTE** antwoord op elke vraag. Skryf die letter van jou keuse langs elke vraagnommer in die spasie wat voorsien word.

1.1.1 … is die hoogste bergingskapasiteitmeting vir bergingsmedia.

A Eksagreep
B Petagreep
C Gigagreep
D Teragreep

1.1.1	

(1)

1.1.2 Identifiseer die skermgebaseerde toevoerkoppelvlak wat gebruikers in staat stel om data toe te voer deur sleutels op die skerm te kies met 'n wystoestel of raaktoevoer.

A Dvorak-sleutelbord
B Braillesleutelbord
C Sleutelbord met groot sleutels
D Virtuele sleutelbord

1.1.2	

(1)

1.1.3 'n Formateereienskap wat gebruik word om die eerste karakter van 'n paragraaf groter te maak en oor een of verskeie teksreëls te laat strek.

A *Subscript*
B *Drop cap*
C *All caps*
D *Superscript*

1.1.3	

(1)

1.1.4 Onwelkome elektroniese kommunikasie wat irrelevante inhoud, advertensies en moontlike vals nuus bevat.

A Foppos
B Haatpos
C Spampos
D Gemorspos

1.1.4	

(1)

IEB Copyright © 2025

VIR NASIENER SE GEBRUIK

1.1.5 Identifiseer die foutaanwyser in 'n sigbladsel wat vertoon sal word wanneer 'n formule na 'n ongeldige sel verwys.

A #VALUE!
B #DIV/0!
C #REF!
D ######

1.1.5	

(1)

1.1.6 Identifiseer die dokumentformateringsprogram wat die geskikste is om lang akademiese referate te skep.

A Microsoft Word
B Microsoft Outlook
C Microsoft Teams
D Microsoft Access

1.1.6	

(1)

1.1.7 Watter van die volgende stellings is kritieke riglyne vir gebruikers om veilige aanlyn banksake te waarborg?

(i) Gebruik die opsie om anoniem te wees wanneer jy rondblaai.
(ii) Teken altyd uit die webwerf uit wanneer jy klaar is.
(iii) Gebruik *slegs* openbare Wi-Fi om aanlyn betalings te doen.
(iv) Maak seker dat jou wagwoord beide kompleks en veilig is.

A (i) en (ii)
B (i), (iii) en (iv)
C (ii), (iii) en (iv)
D (i), (ii) en (iv)

1.1.7	

(1)

1.1.8 Noem die toestel wat 'n persoon wie se arms en bene al vier verlam is, sal gebruik om 'n rekenaar te beheer.

A Spoorbal
B Blaas-suig-skakelaar
C Voetmuis
D Vingerskakelaar

1.1.8	


(1)

IEB Copyright © 2025

VIR NASIENER SE GEBRUIK

1.1.9 Waarmee word die ikoon wat hier getoon word, geassosieer?

A DVI
B USB
C HDMI
D VGA


<www.vectorstock.com>

1.1.9	

(1)

1.1.10 Watter komponente word tipies met 'n dun kliënt geassosieer?

A Sleutelbord, muis, projektor, luidsprekers en beperkte geheue.
B Monitor, sleutelbord, muis, rekenaartoring, SVE-krag en hardeskyfaandrywer.
C Monitor, sleutelbord, muis, beperkte geheue en SVE-krag.
D Monitor, sleutelbord, muis, virtuele geheue en dubbele hardeskyfaandrywers.

1.1.10	

(1)

IEB Copyright © 2025

VIR NASIENER SE GEBRUIK

1.2 Kies die korrekte term/konsep in Kolom B wat die **BESTE** by die definisie in Kolom A pas. Skryf die letter van jou keuse langs elke vraagnommer in die spasie wat voorsien word, byvoorbeeld 1.2.1 O.

	Kolom A	**Kolom B**
1.2.1	'n Outomatiesefokus-kamera wat vir eenvoudige operasies bedoel is.	A. Opskrif
1.2.2	'n Gebied wat aan die bokant van elke bladsy in 'n dokument verskyn wat een of meer reëls teks of grafika kan bevat.	B. Valideringsreël
1.2.3	Versekering dat data wat in 'n databasis vasgelê word aan die toepaslike kriteria voldoen.	C. Strikroof (*Phishing*)
1.2.4	'n Rekenaar wat met die Internet verbind is en wat in gevaar gestel is en van 'n afstand af gemanipuleer kan word om kwaadwillige aktiwiteite uit te voer.	D. Kompak
1.2.5	'n Sinoniem vir die ink van 3D drukkers.	E. Verstek
		F. Kopskrif
		G. Trojaan
		H. Teksomvouing
		I. Laagvorming
		J. Valideringsteks
		K. Filament
		L. Zombie
		M. Digitale enkellensrefleks
		N. Elektroniese fondsoorplasing

SKRYF JOU ANTWOORDE HIER:

1.2.1		(1)
1.2.2		(1)
1.2.3		(1)
1.2.4		(1)
1.2.5		(1)

[15]

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V1	

IEB Copyright © 2025

VIR NASIENER SE GEBRUIK

VRAAG 2

2.1 Kies die **TOEPASLIKSTE** term/funksie (onderstreep en tussen hakies gegee) vir elke stelling wat volg. Skryf **SLEGS** die term/funksie van jou keuse langs elke stellingnommer in die spasie wat voorsien word.

2.1.1 (GIF/JPG) is 'n lêerformaat wat beide stilbeelde en geanimeerde beelde ondersteun.

2.1.1	

(1)

2.1.2 (Intranet/Ethernet) is 'n privaat netwerk binne 'n organisasie of onderneming wat gebruik word om maatskappy-inligting en -hulpbronne veilig met werknemers te deel.

2.1.2	

(1)

2.1.3 Die voorbereiding van 'n skyf om data te stoor word (skyfskoonmaak/ formatering) genoem.

2.1.3	

(1)

2.1.4 Mediese sentrums, fabrieke en lughawens verkies om (UTP/STP)-kabels te gebruik vanweë hul vermoë om data beter in omgewings met groot hoeveelhede steurings oor te dra.

2.1.4	

(1)

2.1.5 Die operator (≠ / <>) word in 'n funksie gebruik om spesifieke data uit te sluit.

2.1.5	

(1)

IEB Copyright © 2025

VIR NASIENER SE GEBRUIK

2.2 Brei die volgende afkortings uit:

2.2.1 OSS

_____

(1)

2.2.2 DDR

_____

(1)

2.2.3 GPS

_____

(1)

2.2.4 Mbps

_____

(1)

2.2.5 AR

_____

(1)
[10]

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V2	

25 punte

IEB Copyright © 2025


VIR NASIENER SE GEBRUIK

AFDELING B

VRAAG 3 STELSELTEGNOLOGIEË

3.1 Identifiseer die volgende beelde in die spasie wat hieronder voorsien word.

3.1.1



[<https://www.paycheap.co.za/.html>]

Naam van hardeware	(1)

3.1.2



[<https://www.bhphotovideo.com/c/product/1016646-REG/asus_r9270x_dc2t_2gd5_radeon_r9_270x_.html>]

Naam van hardeware	(1)

IEB Copyright © 2025

VIR NASIENER SE GEBRUIK

3.1.3



[<https://usa.yamaha.com/products/yh-g01/index.html/>]

Naam van hardeware	(1)

3.1.4



[<https://fileviewerplus.com/open/>]


Tipe lêer	(1)

IEB Copyright © 2025

VIR NASIENER SE GEBRUIK

3.2 Vul die tabelle hieronder in deur die **hooffunksie(s)** van wat deur die volgende beelde verteenwoordig word, te noem.

3.2.1

 [<https://www.computerhope.com/jargon/t/tab-key.htm>]	_____ _____ _____ _____ (1)

3.2.2

 [<https://www.logo.wine/logo/>]	_____ _____ _____ _____ (1)


3.2.3

 [<https://www.andyrathbone.com/2011/04/18/>]	_____ _____ _____ _____ (1)

IEB Copyright © 2025

VIR NASIENER SE GEBRUIK

3.2.4

 [<https://www.eleven forum.com/t/.>]	_____ _____ _____ _____ (1)

3.3 Gee **TWEE** voorbeelde van formate wat kan verander wanneer jy die streekinstelling van jou bedryfstelsel verander.

Voorbeeld 1:

_____
(1)


Voorbeeld 2:

_____
(1)

IEB Copyright © 2025

VIR NASIENER SE GEBRUIK

3.4 Verwys na ***Figuur 1*** hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



Figuur 1
[<https://www.techpowerup.com/161073/>]

3.4.1 Identifiseer die hardewarekomponent.

_____


(1)

3.4.2 Hoeveel RAM-gleuwe het hierdie spesifieke hardewarekomponent?

_____

(1)

3.4.3 Die beelde hieronder is uittreksels van komponente wat op 'n moederbord aangetref word. Identifiseer die komponente gemerk A en B (afkortings is aanvaarbaar).




[<https://turbofuture.com/computers/the-motherboard-components>]

Etiket A: _____

(1)

IEB Copyright © 2025

VIR NASIENER SE GEBRUIK



[<https://www.pearsonitcertification.com/articles/article.aspx?p=2731934&seqNum=13>]

Etiket B: _____

(1)

3.5 'n Rekenaar het twee afsonderlike tipes geheue, naamlik RAM en ROM. Brei uit oor die doel van elke geheuekomponent sonder om inligting in die verduidelikings te herhaal.

RAM: _____

_____

_____

ROM: _____

_____

_____

(2)

3.6 Motiveer waarom jy 'n Grafiese Verwerkingseenheid sal installeer.

_____

_____

(1)

IEB Copyright © 2025

VIR NASIENER SE GEBRUIK

3.7 'n Tafelrekenaar kan nie sonder 'n kragbroneenheid werk nie. Verduidelik die rol van die kragbroneenheid om hierdie stelling te staaf.

(2)

3.8 Gee **EEN** manier waarop 'n gebruiker spasie op 'n hardeskyfaandrywer beskikbaar kan maak buiten die oordrag van lêers of sagteware na eksterne toestelle.

(1)
[20]

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V3	


IEB Copyright © 2025

VIR NASIENER SE GEBRUIK

VRAAG 4 INTERNET EN NETWERKTEGNOLOGIEË

4.1 Daar is baie netwerktopologieë vir verskillende organisasies.

4.1.1 Die beeld wat hieronder as ***Figuur 2*** gegee word, staan as 'n stertopologie bekend. Definieer die term *Netwerktopologie.*



Figuur 2
[<https://www.wevolver.com/article/a-comprehensive-guide-to-understanding>]

(1)

4.1.2 Gee **EEN** voordeel en **EEN** nadeel van 'n stertopologie.

Voordeel:

Nadeel:

(2)

IEB Copyright © 2025

VIR NASIENER SE GEBRUIK

4.2 Wanneer jy met die Internet verbind, het jy die opsie om óf koper- óf veselkabel-verbindings te kies.

4.2.1 Gee **EEN** rede waarom jy nie 'n veselverbinding moet oorweeg nie.

_____

_____

(1)

4.2.2 Definieer die term *afluistery*.

_____

_____

_____

(1)

4.3 Satelliet kan Internetverbindings in landelike gebiede verskaf.

4.3.1 Noem **TWEE** toestelle wat gebruikers moet verbind om satelliet-Internet te aktiveer.

_____

_____

(2)

4.3.2 "Satelliet-Internetverbindings ondervind aansienlike latensie." Verduidelik hierdie stelling deur die term *latensie* te definieer.

_____

_____

_____

(1)

IEB Copyright © 2025

VIR NASIENER SE GEBRUIK

4.4 Aanlyn gebruikers gebruik tegnieke soos aflaai en stroming om lêers te ontvang. Definieer die terme *aflaai* en *stroming*.

Aflaai:

(2)

Stroming:

(2)

4.5 Wanneer jy op die web swerf, bly die blaaier op die spoor van jou aanlyn aktiwiteite. Hoe kan hierdie webadresse onbespeur bly?

(1)

4.6 Sosiale media laat gebruikers toe om idees en inligting te deel deur gemeenskappe vir belangstellende gebruikers te skep. Noem **TWEE** sosialemedia-toeps, X (voorheen Twitter) en Instagram uitgesluit.

(2)

4.7 Noem **TWEE** eienskappe wat in 'n "slim" huis aangetref word.

Eienskap 1:

Eienskap 2:

(2)
[17]

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V4	

IEB Copyright © 2025

VIR NASIENER SE GEBRUIK

VRAAG 5 INLIGTINGSBESTUUR



Figuur 3

[<https://www.medtronic-diabetes.com/en-gb/insulin-pump-therapy/minimed-780g-system>]

Michael en João is sedert laerskool beste vriende. Michael is onlangs met diabetes gediagnoseer nadat talle toetse onreëlmatige glukose- (insulien-) vlakke aangedui het. Die spesialis het besluit om die MiniMed™ 780G-insulienpomp met sensors en toep voor te skryf om sy insulienvlakke te monitor.

5.1 Michael en João het die graad 11-avontuurkamp wat deur hul skool gereël is, bygewoon. Michael, wat op sy foon staatmaak vir kommunikasie met die toep wat sy insulienvlakke deur 'n sensor in sy arm monitor, het sy toestel vergeet. Hierdie toep waarsku hom wanneer sy insulienvlakke te hoog of te laag is. Gedurende die kamp se aktiwiteite het Michael swak begin voel en op die rand van 'n floute. João het hom dadelik na die kamp se verpleegster vergesel vir hulp.

5.1.1 Die verpleegster het vir João vrae gevra om Michael korrek te behandel.

Gee **DRIE** belangrike vrae wat die verpleegster kan vra om Michael se simptome en die rede waarom hy swak voel, te bepaal.

Vraag 1:

_____

_____ (1)

Vraag 2:

_____

_____ (1)

Vraag 3:

_____

_____ (1)

IEB Copyright © 2025

VIR NASIENER SE GEBRUIK

5.1.2 Elke ouer moes 'n aanlyn kampvorm met belangrike inligting voltooi. Identifiseer **VIER** noodsaaklike velde op die kampvorm wat jy in 'n mediese noodgeval sal benodig.

Veld 1: _____


Veld 2: _____

Veld 3: _____

Veld 4: _____

(4)

5.2



Figuur 4

[<https://www.uptodate.com/contents/glucose-monitoring-in-diabetes-beyond-the-basics/>]
[<https://play.google.com/store/apps/details?id=com.medtronic.diabetes.minimedmobile.eu>]

Michael se insulienvlakke word deur die sensor aan sy arm beheer en gemonitor. "Die sensor skakel klein hoeveelhede glukose uit die tussenvloeistof onder die vel in 'n elektroniese sein om" (Medtronic, 2023). Die Minimed™-toep laat hom toe om sy insulienvlakke en ander sensoreienskappe te besigtig.

IEB Copyright © 2025

VIR NASIENER SE GEBRUIK

Gebruik die opskrifte wat hieronder gegee word en dui aan hoe die Minimed^{TM}-toep Michael se insulienvlakke sal monitor.

Toevoer:

(1)

Verwerking:

(1)

Afvoer:

(1)

5.3 Verwys na **Figuur 5** hieronder wat in die toep wat Michael gebruik, verskyn het. Watter voordeel hou hierdie eienskap in wanneer Michael 'n rekord van die data wat van die toep ontvang word, moet hou?



Figuur 5

(1)
[11]

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V5	

IEB Copyright © 2025

VIR NASIENER SE GEBRUIK

VRAAG 6 SOSIALE IMPLIKASIES

Die Amerikaanse gesondheidsorgmaatskappy Henry Schein het vandeesmaand 'n tweede kuberaanval aangemeld deur die BlackCat/ALPHV-lospryswarebende wat hul netwerk ook in Oktober [2023] binnegedring het. Die BlackCat-lospryswarebende het Henry Schein by sy donkerweb-uitlekwerf bygevoeg en gesê hulle het die maatskappy se netwerk binnegedring en na bewering 35 teragrepe sensitiewe data gesteel.

[<https://www.bleepingcomputer.com/news/security/>]

6.1 6.1.1 Die artikel verwys na losprysware. Verduidelik die term *losprysware* kortliks.

(3)

6.1.2 Definieer die terme *donker web* en *diep web* en gee voorbeelde.

Donker web:

(1)

Voorbeeld:

(1)

Diep web:

(1)

Voorbeeld:

(1)

IEB Copyright © 2025

VIR NASIENER SE GEBRUIK

6.2 Maatskappye probeer hul bes om inligting teen indringers te beskerm.

6.2.1 Gee **TWEE** maniere waarop 'n maatskappy data teen onwettige toegang kan beskerm.

Voorsorgmaatreël 1:

_____

_____

_____

(1)

Voorsorgmaatreël 2:

_____

_____

_____

(1)

6.2.2 Verskeie aanlyn platforms is beskikbaar om opnames te maak en te deel.

Noem **EEN** afvoertoestel en **EEN** toevoertoestel om 'n video-opname te produseer.

Afvoertoestel:

_____

(1)

Toevoertoestel:

_____

(1)

6.3 Internetaanvalle is op die infrastruktuur van die web gemik. Identifiseer **TWEE** tipes Internetaanvalle en verduidelik dit.

Tipe 1:

_____

(1)

Verduideliking:

_____

_____

_____

(1)

IEB Copyright © 2025

VIR NASIENER SE GEBRUIK

Tipe 2:

_____

(1)

Verduideliking:

_____

_____

_____

(1)
[15]

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V6	


IEB Copyright © 2025

VIR NASIENER SE GEBRUIK

VRAAG 7 OPLOSSINGONTWIKKELING


7.1 Michael gebruik 'n sigblad om sy insulienvlakke te monitor.

7.1.1 Hieronder is 'n uittreksel uit die sigblad wat Michael gebruik. Wat beteken die uitroepteken in die formulebalk vir sel D1?



(1)

7.1.2 Hieronder is 'n uittreksel uit Michael se insulienvlakke en ingesamelde statistieke.



(a) Hoe laat het Michael se glukosevlakke 'n hoogtepunt bereik?

(1)

(b) Hoeveel gram koolhidrate (*carbs*) het hy tot 12 nm. ingeneem?

(1)

IEB Copyright © 2025

VIR NASIENER SE GEBRUIK

7.2 Bestudeer die uittreksel uit die kampverpleegster se databasis hieronder en beantwoord die vrae wat volg:

Veldnaam	**Beskrywing**
Van	Van van die kampeerder
VolleNaam	Volle naam van die kampeerder
Ouderdom	Ouderdom van kampeerder
KampeerderID	Kampeerder-ID vir maklike toegang tot en optekening van inligting
OuerSelNo	Ouer se selfoonnommer
Allergie	Allergieë van kampeerder
MedieseGesk	Beskrywing van medisyne en mediese geskiedenis

7.2.1 Watter veld dui aan dat 'n Boole-datatipe gebruik is?

_____

(1)

7.2.2 Indien die verpleegster die veldgrootte van die **Ouderdom**-veld na 2 (twee) verander, dink jy dit is korrek? Verduidelik waarom jy met die verandering saamstem of nie saamstem nie.

_____

_____

(1)

7.2.3 Identifiseer die datatipe wat vir die **MedieseGesk**-veld gebruik moet word.

_____

(1)

7.2.4 Identifiseer die databasisobjek wat die verpleegster in staat sal stel om net die name en mediese geskiedenis van al die kampeerders in te samel.

_____

(1)

7.2.5 Die verpleegster wil nog 'n opskrif in die kopskrif van 'n verslag byvoeg. Watter kontrole moet sy gebruik?

_____

(1)

IEB Copyright © 2025

7.3 Bestudeer die volgende skermgreep van data in 'n sigblad.

	A	B	C	D	E	F	G
1	**Date**	**Meal**	**Time**	**Food Item**	**Blood Sugar (mg/dL)**	**Carbs (g)**	**Bolus (units)**
2	45306.00	Breakfast	8:00 am	Oatmeal	120	45	4
3	45306.00	Lunch	12:30 pm	Grilled Chicken	150	30	3
4	45306.00	Snack	3:00 pm	Apple	130	15	1.5
5	45306.00	Supper	6:30 pm	Quinoa Salad	140	50	5
6							
7	2024/01/16	Breakfast	8:00 am	Greek Yogurt	110	20	2
8	2024/01/16	Lunch	12:30 pm	Turkey Sandwich	160	40	4
9	2024/01/16	Snack	3:00 pm	Almonds	125	10	1
10	2024/01/16	Supper	6:30 pm	Salmon	135	35	3.5

Michael bly op die spoor van sy voedselinname en gebruik hierdie sigbladtemplaat.

7.3.1 Die waardes in die selbestek A2:A5 word onakkuraat vertoon. Watter stappe is nodig om te verseker dat die data korrek vertoon word?

_____

_____

(1)

7.3.2 Noem die formateringseienskap wat Michael in die selbestek E2:E10 gebruik het.

_____

_____

(1)

7.3.3 Verskaf die funksie wat Michael moet gebruik om die totale hoeveelheid koolhidrate wat hy op 16 Januarie 2024 ingeneem het, te bepaal.

_____

_____

(2)
[12]

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V7	

75 punte


IEB Copyright © 2025

VIR NASIENER SE GEBRUIK

AFDELING C

VRAAG 8 GEÏNTEGREERDE SCENARIO

NERVE LAN RENTALS



[<https://www.freepik.com/premium-vector/abstract-digital-icons>]
[<https://www.sciencephoto.com/media/307884/view/nerve-cell-abstract-artwork>]

Die E-sportklub by jou skool het besluit om 'n kuberspeletjiesgeleentheid vir naburige skole te reël. Dertig (30) leerders het reeds vir die geleentheid ingeskryf. Die klub wil billikheid verseker deur identiese rekenaars wat met toepaslike hardeware toegerus is vir alle deelnemers te huur. Die rekenaars sal opgestel word in die skool se konferensiesaal wat met netwerkpoorte, Wi-Fi, kragpunte en 'n projektor toegerus is. Jy is gevra om met Nerve LAN Rentals in verbinding te tree om rekenaarhuurkwotasies aan te vra.

8.1 Nerve LAN Rentals het die volgende twee rekenaars voorgestel:

REKENAAR A	REKENAAR B
	
AMD Ryzen 5 5600H up to 4.2Ghz processor CPU Support 16MB Cache 15.6 FHD 144Hz Anti-glare IPS-Level display Resolution 1920X1080 Windows 11 Home OS 12GB DDR4 Memory 256GB Ultra-Fast NVME SSD No optical drive included AMD Radeon™ RX 6500 M 2GB GGDR6 Graphics Dedicated Card Audio & microphone ports HDMI port & USB Type A port	AMD Ryzen 5 5600H up to 4.2Ghz processor CPU Support 16MB Cache 15.6 FHD 144Hz Anti-glare IPS-Level display Resolution 1920X1080 Windows 11 Home OS 32GB DDR4 Memory 1TB Ultra-Fast NVME SSD Optical drive included AMD Radeon™ RX 6500 M 4GB GGDR6 Graphics Dedicated Card Audio & microphone ports HDMI port & USB Type C port
R1 100	R1 500

[https://www.evetech.co.za/compare/29865,29880]

IEB Copyright © 2025

VIR NASIENER SE GEBRUIK

8.1.1 (a) Noem die tipe geheue wat in Rekenaar A geïnstalleer is.

_____

(1)

(b) Hoeveel bergplek het Rekenaar B?

_____

(1)

8.1.2 Rekenaar A het 'n ander USB-poort as Rekenaar B. Identifiseer watter poort aan Rekenaar A en watter een aan Rekenaar B behoort.

Beeld 1	**Beeld 2**
	
Antwoord:	Antwoord:

[<https://iboysoft.com/wiki/usb-port.html>]

(2)

8.1.3 Albei rekenaars se SVE's ondersteun *cache*.

(a) Definieer die term *cache*.

_____

_____

_____

(1)

(b) Maak cache die SVE vinniger? Verduidelik jou antwoord.

_____

_____

_____

(2)

8.1.4 Noem die bergingstoestel wat vir beide rekenaars genoem word wat nie in baie nuwe rekenaars ingesluit word nie.

_____

(1)

IEB Copyright © 2025

VIR NASIENER SE GEBRUIK

8.2 Deelnemers het vrae daaroor of hulle hul eie hardeware kan bring. Geen individuele luidsprekers word by die geleentheid toegelaat nie om klankoorlading te voorkom.

8.2.1 Gee **TWEE** hardewarekomponente wat spelers gebruik om hul speelervaring te versterk buiten hardeware wat klank verskaf.

_____

_____

(2)

8.2.2 Sommige hardeware word via drade verbind.

(a) Watter hardeware kan gebruik word om bekabelde toestelle te verbind indien daar nie genoeg USB-poorte op 'n rekenaar beskikbaar is nie?

_____

(1)

(b) 'n Speler kan 'n bekabelde speelmuis bo 'n draadlose muis verkies. Gee 'n rede waarom dit die beste keuse sal wees.


_____

_____

(1)

8.3 Die skool maak van vesel-Internetverbinding gebruik. Jy het 'n spoedtoets gedoen deur 'n gratis diens te gebruik om die verbinding se spoed te assesseer.

Verwys na **Figuur 6** hieronder wat die spoedtoetsresultate aandui en beantwoord die vrae wat volg.



[<https://www.reddit.com/r/InternetPH/comments/n78g1v>]

Figuur 6

8.3.1 Daar is twee waardes, 204.74Mbps en 502.10Mbps, in die beeld. Bespreek die betekenis van elke waarde.

_____

_____

_____

(2)

IEB Copyright © 2025

VIR NASIENER SE GEBRUIK

8.3.2 Definieer die term *pieng*.

_____

_____

_____

(2)

8.3.3 Beskryf die term *breëband.*

_____

_____

_____

(2)

8.4 Een van die klublede het 'n tydelike webwerf geskep. Bestudeer die HTML-kode hieronder.

```
<html> <head> LAN Event
        <title>   <title/>
                </head>
<body bgcolor = “#FFFFF”>
        <h1>WE ARE LIVE!! </h1>   <br/>
        <h2> Schools participating are:</h2>
                Maple Hills High School.
                Clear Lake Secondary School.
                Coral Springs High School.
                Oakland Secondary School.
                Willow Technical High School. <br/>
</body>
</html>
```

8.4.1 Die teks "LAN Event" moet op 'n webblaaieroortjie vertoon word. Gee **TWEE** oplossings om die probleem op te los.

Oplossing 1: _____

_____

Oplossing 2: _____

_____

(2)

IEB Copyright © 2025

VIR NASIENER SE GEBRUIK

8.4.2 Beskryf watter HTML-merkers jy moet gebruik om die deelnemende skole in 'n kollys te vertoon.

_____

_____

(2)
[22]

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V8	

IEB Copyright © 2025

VIR NASIENER SE GEBRUIK

VRAAG 9 GEÏNTEGREERDE SCENARIO (vervolg)

9.1 Die skool se IKT-departement help die E-sportklub met die administrasie en voorbereiding om die LAN-geleentheid te reël.

Jy wil aantekeninge tik en plakkate en tekens vir die deelnemers skep.

9.1.1 Terwyl jy die reëls tik, kopieer jy teks uit ander dokumente. Maak die onderskeid tussen die *paste*-funksie en die *format painter* duidelik.

Paste:

(2)

9.1.2 Wanneer jy die reëls vir die geleentheid op 'n toestel tik, maak voorspellende teks dit moeilik. Verduidelik die betekenis van *voorspellende teks*.

(2)

9.1.3 Noem **EEN** voordeel van die gebruik van voorspellende teks.

(1)

9.1.4 Wanneer jy jou dokument proeflees, ontdek jy dat jy "they're" in plaas van "their" getik het. Noem 'n eienskap om te verseker dat al die voorkomste van verkeerde woorde deur die hele dokument na die korrekte spelling verander word.

(1)

IEB Copyright © 2025

VIR NASIENER SE GEBRUIK

9.2 Die RTT-onderwyser stel voor dat haar hommeltuig by die LAN-geleentheid gebruik word. Dit het LED-ligte en 'n ingeboude webkamera.

9.2.1 'n Sagtewarekomponent voorsien kommunikasie tussen 'n bedryfstelsel en 'n hommeltuig. Wat is hierdie sagteware se algemene naam?

_____

(1)

9.2.2 Wat is 'n *hommeltuig*?

_____

(1)

9.2.3 Wat is die doel van die hommeltuig se webkamera tydens die LAN-geleentheid?

_____

_____

_____

(1)

9.3 Die netwerkadministrateur se pligte behels verifiëring dat die speletjies geïnstalleer is en die versekering van die funksionaliteit van alle gehuurde notaboeke.

Die bedienertafelrekenaar skakel nie aan nie. Noem **TWEE** moontlike kwessies wat hy kan nagaan om die probleem op te los.

Moontlikheid 1: _____

_____

_____

Moontlikheid 2: _____

_____

_____

(2)

9.4 Die netwerkadministrateur is tevrede dat die gehuurde notaboeke aan die *minimum vereistes* en *aanbevole vereistes* voldoen. Definieer die twee konsepte.

Minimum vereistes: _____

_____

_____

(2)

IEB Copyright © 2025

VIR NASIENER SE GEBRUIK

Aanbevole vereistes: _____


_____

_____

(2)

9.5 Korrespondensie oor die LAN-geleentheid vind hoofsaaklik via e-pos plaas. Verwys na die skermgreep van 'n e-pos en beantwoord die vrae wat volg.

9.5.1 Kies die korrekte etiket **(A, B, C, D, E of F)** vir die volgende aksies.



(a) Watter etiket laat jou toe om die e-pos as lae prioriteit te stel?

Etiket: _____ (1)

(b) Watter etiket laat jou toe om 'n ontvanger by te voeg sonder dat hulle e-posadres aan ander ontvangers vertoon word?

Etiket: _____ (1)

(c) Watter etiket sal jou herinner om op 'n later stadium na die e-pos terug te keer?

Etiket: _____ (1)

IEB Copyright © 2025

VIR NASIENER SE GEBRUIK

9.6 Die RTT-onderwyser help die leerders om 'n sigblad te skep met relevante inligting oor die deelnemers aan die LAN-geleentheid.

Verwys na die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

	A	B	C	D	E	F	G	H
1	**ID**	**Name**	**Surname**	**Age**	**CellNumber**	**EmailAddress**	**School**	**Paid**
2	1	Martha	Gonsalves	13	0835457789	mg2244@icloud.com	Coral Springs High School	
3	2	Thabo	Mbiya	13	0825412695	mbibi@gmail.com	Maple Hills High School	Yes
4			**13 Count**	2				
5	3	Jack	Redding	14	0825498765	rackreds@yahoo.com	Clear Lake Secondary School	Yes
6	4	Freddy	Smith	14	0612479965	fredtheone@gmail.com	Willow Technical High School	
7			**14 Count**	2				
8	5	Sue	Mhlangu	15	0825432543	sue123@gmail.com	Maple Hills High School	Yes
9	6	Anthea	Kokla	15	0846655889	anbells@mweb.co.za	Willow Technical High School	
10	7	Quintas	Du Plessis	15	0712445796	highfive@telkomsa.net	Maple Hills High School	Yes
11			**15 Count**	3				
12	8	Kenneth	Sambo	16	0725412211	kennys@yahoo.com	Coral Springs High School	Yes
13	9	Jennifer	Gallor	16	0789632655	jennigall@gmail.com	Oakland Secondary School	
14	10	Cindy	Coetzee	16	0839874563	ccoetzee@gmail.com	Coral Springs High School	
15			**16 Count**	3				
16			**Grand Count**	10				

9.6.1 Noem die sigbladeienskap wat gebruik is om die opsomming wat in ry 4, 7, 11 en 15 vertoon word, te skep.

_____

(1)

9.6.2 Beskryf die metode waarvolgens die data in die selreeks **C2:C14** volgens ouderdom gegroepeer is om die gegewe resultaat te behaal.

_____

_____

(2)

9.6.3 **Kolom F** bevat die e-posadresse van die leerders. Die onderwyser stel voor dat 'n hiperskakel by die e-posadres bygevoeg word. Wat is die doel van 'n hiperskakel?

_____

_____

(2)

9.6.4 Wat is die funksie van die driehoekie in die linkerhoek boaan die sigblad tussen die **kolom A**- en ry 1-opskrif?

_____

(1)

IEB Copyright © 2025

VIR NASIENER SE GEBRUIK

9.7 Die graad 11's samel fondse in by die LAN-geleentheid en sal kos en koeldrank verkoop. Hulle het 'n kaartmasjien om die geleentheid kontantloos te maak.

9.7.1 Watter tegnologie maak betaling moontlik deur 'n slimhorlosie of -kaart teen die kaartmasjien te tik?

_____

(1)

9.7.2 Noem 'n ander intelligente funksie van 'n slimhorlosie afgesien daarvan om dit vir betalings en gesondheidsmonitering te gebruik.

_____

(1)

9.8 Die skool aanvaar verantwoordelikheid vir al die huurnotaboeke en die beveiliging van die data.

9.8.1 Gee 'n voorbeeld van hoe die skool die skootrekenaars in die saal kan beveilig sonder om sekuriteitswagte te huur en die saaldeure te sluit.

_____

_____

(1)

9.8.2 Gee die sleutelbordkortpad om die skerm op 'n rekenaar te sluit.

_____

(1)
[28]

SLEGS VIR NASIENER SE GEBRUIK:	Puntetotaal V9	

50 punte

Totaal: 150 punte

IEB Copyright © 2025

BYKOMENDE SPASIE (ALLE VRAE)

ONTHOU OM DUIDELIK BY DIE VRAAG AAN TE DUI DAT JY DIE BYKOMENDE SPASIE GEBRUIK HET OM TE VERSEKER ALLE ANTWOORDE WORD NAGESIEN.

IEB Copyright © 2025